

Sing vooraf: Psalm 89:11 (p. 446)

- 11 Hy sal dit uitroep: HEER, U is my Vader trou, / my God, my Rots van heil waar ek alleen op bou.
Hy is vir My 'n seun tot hoogste rang gebore, / wat Ek tot koning van die konings het verkore.
Vir hom bly my verbond vir altyd vas en stewig, / my goedertierenheid bewys Ek hom vir ewig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 81:1, 4, 12 (p. 411)

- 1 Laat ons nou die HEER / wat sy volk verbly het / deur sy sterkte, eer!
Hom, die grote God, / wat weer feesgenot / vir sy volk berei het.
- 4 Want dis die bevel / wat alom weerklink het / onder Israel;
dis die groot gebod / van 'n troue God / wat aan ons gedink het;
- 12 Open julle mond, / eis van My vrymoedig / op my trouverbond:
al wat jul ontbreek, / skenk Ek as jul smeek / mild'lik en oorvloedig.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons van God se vergewing van ons sondeskuld met Psalm 25:7 (p. 117).

Wet

Psalm 25:7 (p. 117)

- 7 Gods geheim'nis is die lewe / vir wie wandel in sy vrees;
en Hy 't sy verbond gegewe / om vir hul 'n lig te wees.
'k Hou my oë op die HEER / wat my so getrou gelei het,
want Hy voer my voete weer / uit die net wat hul gesprei het.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Doop: Gordon en Margje Kuyters se dogtertjie

Skrifberyming 8-1:1, 2 (14:1, 2)

- | | |
|--|--|
| 1 "Water sal ek op hul sprinkel,
water uit 'n springfontein".
En van alle onreinighede
was die HEER sy volk dan rein.
"Nuwe harte gee 'k aan julle,
en Ek gee 'n nuwe gees;
'k sal die hart van klip verwyder,
aan jul gee 'n hart van vlees. | 2 "k gee my Heil'ge Gees aan julle,
wat die krag verleen en trou
om te wandel in my weë
en my wet te onderhou.
En jul sal die land van seën
deur my seën weer verkry
waar 'k 'n God sal wees vir julle,
jul 'n volk sal wees vir My." |
|--|--|

Psalm 119:48 (p. 595)

- 48 Dis 'n lig wat klare kennis / aan eenvoudiges ontdek;
dis die asem van die lewe / wat ek diep na binne trek.
Wend U dan nie weg van my nie, / wees my gunstig na die reg
wat in u verbondsgeheim'nis / aan u volk is toegeseg.

Skriflesing: Deuteronomium 30

Teks: Deuteronomium 30:11, 14

Want hierdie gebod wat ek jou vandag beveel, is vir jou nie te swaar nie en is nie ver nie. (Deuteronomium 30:11 AFR1953)

Maar baie naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart, om dit te doen.
(Deuteronomium 30:14 AFR1953)

In die eerste gedeelte van Deuteronomium word die verbond tussen die Here en sy kerkvolk hernu. Hy laat hulle die vergesig van die hiernamaals sien waar hulle in ewige volmaaktheid met Hom lewe.

Die tweede deel van die hoofstuk handel oor die praktiese toepassing van die dinge wat die Here vir hulle gesê het.

- Ware gelowiges val in sonde – selfs die bestes onder hulle.
- Daarom waarsku die Here hulle dat hulle die verbond in sy praktiese toepassing moet onderhou.

Kom ons let op die volgende drie belangrike sake:

1. **Waarom was die vernuwing van die verbond nodig?**
2. **Waarom word hulle so sterk gewys op die uiterlike onderhouding van die verbond?**
3. **Die Nuwe-Testamentiese kerk staan onder dieselfde verantwoordelikheid as ou Israel.**

1. **Waarom was die vernuwing van die verbond nodig?**

Nadat die volk deur die Rooi See is, kom hulle by Horeb aan.

- Hier gee die Here vir hulle sy wet, en sluit die Here met hulle 'n verbond.
- Die Tien Gebooe wat hulle daar ontvang, is natuurlik 'n genadeverbond omdat die Here in sy genade sy wil aan die volk bekendmaak.

Intussen het die *ou volk* wat eers in Egipteland was altyd bly murmureer.

- As dit nie oor kos was nie, was dit oor iets anders.
- Hulle lewens was sprekend van mense wat lewensontevrede was.
- Telkens was hulle teen die Here in opstand.

Dit het tot gevolg gehad dat die Here die punt bereik het waar Hy gesê het dat die volk sal rondtrek totdat almal gesterf het wat destyds nog in Egipteland was. Hy het in sy toorn gesweer dat hulle nie in die land sal ingaan nie.

In die stukkie geskiedenis wat ons gelees het, is die laastes dood, en die inval in Kanaän het begin.

- In die gedeelte waaruit ons gelees het, blyk dit dat Ruben en Gad en Manasse se grondgebiede al verower was, en dat hulle al daar gewoon het.
- Maar nou moet u onthou dat dit 'n jong geslag was. Eintlik 'n *nuwe geslag*.
- Hulle was nog nie gebore toe die Here die wet gegee en die verbond by Horeb gesluit het nie.

Daarby het die Israeliete nie die gebeure wat in Egipteland plaasgevind het, verstaan nie.

- In hoofstuk 29:4 lees ons dat die Here hulle nie 'n hart gegee het om te verstaan en oë om te sien en ore om te hoor tot vandag toe nie.
- Dit verklaar waarom hulle deurentyd so opstandig en ongelowig was tydens die trek – hulle het nie altyd werklik begryp wat voor hulle oë gebeur het nie.
- Kan u byvoorbeeld aan die wonder daarvan dink dat hulle veertig jaar lank dieselfde klere en skoene gedra het, en dit het nie geslyt nie. Tog het dit geen indruk op hulle gemaak nie!

Intussen sterf hierdie hele geslag uit, en die jong geslag moet Kanaän begin inneem. Nou kom die Here in sy genade na hulle toe, en Hy sluit weer sy verbond met hierdie mense. Ons lees dit in hoofstuk 29:13:

. . . sodat Hy jou vandag vir Hom as volk kan bevestig en vir jou 'n God kan wees soos Hy jou beloop het, en soos Hy aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloop het.
(Deuteronomium 29:13 AFR1953)

In die hele saak is dit 'n baie groot genadedaad wat van die Here af uitgaan.

- Die Here maak die Israeliete sy volk en Hy is hulle God.
- Hoor net weer hoe staan dit in Deuteronomium 29:13vv. geskryf:

. . . sodat Hy jou vandag vir Hom as volk kan bevestig en vir jou 'n God kan wees soos Hy jou beloop het, en soos Hy aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloop het. En nie met julle alleen maak ek hierdie verbond en hierdie eedswering nie, maar met die wat vandag hier saam met ons voor die aangesig van die HERE onse God staan, én met die wat hier vandag nie saam met ons is nie. Want julle weet self hoe ons in Egipteland gewoon en hoe ons dwarsdeur die nasies getrek het waardeur julle getrek het. (Deuteronomium 29:13-16 AFR1953)

God bevestig hulle op daardie dag as sy volk. Daarmee kom Hy sy beloftes aan Abraham, Isak en Jakob na.

Maar daar is tog 'n verskil tussen hierdie drie aartsvaders met wie die Here die verbond opgerig het en die volk daar op die grens van Kanaän.

- Abraham en Isak-hulle het deur foute en straf geleer om die Here heeltemal gehoorsaam te wees.
- Hierdie volk het alles en nog meer gesien en belewe, maar dit het grootliks by hulle verbygegaan.

Daarom kom die eis van die Here nou dat hulle hierdie verbond prakties moet gaan gehoorsaam, of daar is moeilikheid.

- Hulle moet weet dat die verbond se diepste wortels in hulle hart lê – in die gang van hulle gedagtes.
- Daar moet hulle dinge gaan regmaak, sodat dit reg uitslaan in hulle woorde en in hulle dade.

2. Waarom word hulle so sterk gewys op die uiterlike onderhouding van die verbond?

Natuurlik sluit die Here hierdie verbond met Israel. Dis die uitverkore kerkvolk.

- Maar daar is darem tog snaakse mense ingesluit in hierdie kerkvolk, want toe hulle veertig jaar tevore uit Egipte weggetrek het, het daar 'n groot klomp Egiptenare ook saamgetrek.
- Nou praat die Here ook nog van die vreemdelinge wat in hulle laer is, en van die houtkappers en die waterdraers (29:10,11).

Dit is nie al nie, want in vers 15 staan spesifiek:

die wat vandag hier saam met ons voor die aangesig van God staan, en die wat nie vandag saam met ons hier is nie.

- Almal kon sekerlik nie daar wees nie, want die veewagters en die wat moes agterbly om die volk se eiendom te beskerm was afwesig.
- Maar net so ook die nasate wat nog gebore moes word, maar wat deur die geloof aan die volk verbind is.

As ons Jeremia 31:33 hiermee saam lees, waar hierdie verbond herhaal word, is dit duidelik dat selfs ons wat later sou bykom, ook ingereken is.

Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. (Jeremia 31:33 AFR1953)

Hierdie genadeverbond sluit ook die Jode na die Ballingskap in – en die Ballingskap sou eers eeue later kom.

Die mense het 'n verskeidenheid van heidense godsdienste verteenwoordig, en hulle het nie geweet wat dit is om vir geslagte lank 'n lewende verhouding met die Here te hê nie.

- Daarom maak die Here dit duidelik dat hierdie geloof wat Hy vra, heeltemal anders is as die mistieke afgodsdienste waaraan hulle gewoon was.
- Die Here verwys in twee rigtings na die mistieke godsdienste, soos toorkunste en die son- en maanaanbidding.

Die Here openbaar Hom daar by die grens van die land weer baie duidelik aan hulle.

- Die wet van die Here wat hulle by Horeb gekry het, is hulle riglyn.
- Hierdie wet is op die wetboek by hulle, maar die Here het dit ook met sy Heilige Gees in hulle harte geskryf.
 - Daarom sê die Here dat hulle nie boontoe (in die hemel of in die mistieke) moet gaan soek na die gebooie van die Here nie.
 - Hulle hoef ook nie iemand oorsee te stuur om dit by 'n ander nasie of land te gaan uitvind nie.

Die wet van die Here is nie meer vir ons buite bereik of verborge nie.

- Die Here sê dit is in ons mond en in ons hart om dit te doen.
- Die Heilige Gees werk die wil van God in ons totale mens.
- Daarom moet hierdie innerlike geloof in 'n sigbare gestalte in ons doen en late uitkom.

Vir die mense wat dit gaan doen, sê die Here dat Hy vir hulle lewe en geluk voorgehou het.

- Mense wat die Here se wil met blydschap en spontaan doen, ervaar lewensvreugde en die vrede van die Here.
- Vir hulle het die woord *lewe* ook twee betekenis.
 - Die eerste is dat hulle fisies hier sal lewe met die seën van die Here by hulle.
 - Die tweede is dat hulle in die hiernamaals ook sal lewe.

Vir dié wat moedswillig is, is die boodskap die teenoorgestelde: Hulle gaan ongeluk en dood ervaar.

- Ons ken mos mense wat altyd ontevrede is en wat altyd kla.
- Hulle is soms verbitterd teen die lewe, en voel altyd dat die lewe hulle iets skuld.
- Dikwels gebruik hulle dit as 'n regverdiging om sonde te doen.
- Natuurlik is dit die ewige dood (om in die hel te wees) wat op hierdie manier in 'n onbekeerde mens uitslaan.

Vir sulke mense is daar die oordeel van die Here.

- Die Here sê dat Hy hulle nie wil vergewe nie.
- Sy oordeel en sy toorn gaan teen daardie mense *rook* – dis 'n beeld wat baie duidelik die hel beskryf.

Die Here gaan hulle *hel* ook nie eers in die hiernamaals laat begin nie. Hy begin sy straf reeds in hierdie lewe. Lees maar wat die Here openbaar in hoofstuk 29:21:

En die HERE sal hom tot sy ongeluk van al die stamme van Israel afskei volgens al die vloeke van die verbond wat in hierdie wetboek geskrywe is. (Deuteronomium 29:21 AFR1953)

Die Here sal hom tot sy ongeluk afskei van die stamme van Israel. Maar dis nie al nie:

- Die Here sal hom afskei volgens die vloeke van die verbond wat in hierdie wetboek geskrywe is.
- Dit is uit hierdie woorde duidelik dat dit wat die Here met sulke mense doen, baie erg is.

Teenoor sulkes is daar die wat deel in die Here se genade. Die Here sal hulle mildelik seën.

- Nie net geestelik nie, maar veral ook liggaamlik.
- Die Here gaan hulle in die land seën waarheen hulle nou trek.
- Dit beteken dat hulle as landsburgers die guns van die Here gaan belewe solank as wat hulle Hom aanbid en dien.

Dis hoe naby die Here aan hulle kom.

- Dit is ook waarom die Here sê dat sy woord baie naby aan hulle is, in hulle mond en in hulle hart, om dit te doen.
- Met hierdie bevestiging van God se alomteenwoordige en genadige teenwoordigheid, bevestig Hy ook dat dit Hy is wat die bekering in ons en seën oor ons werk.

Die Here eis van ons 'n belewenis van opregtheid en eerlikheid om met ons sondes te breek.

- Jy gaan pleeg nie moord of haat ander mense soos Kaïn nie.
- Ons moet 'n werklike soeke en smagting in ons ervaar om die Here te wil dien.

Vir sulke mense gee die Here in hierdie gedeelte sy verbondsbelofte dat ons sy eiendom is wat sy volle seën op al ons werke sal ontvang.

Ons gehoorsaamheid/bekering is ons reaksie op die inwerking van God die Heilige Gees in ons hart en verstand. Dis ook wat die betekenis van die verbond is:

- Jy maak met God reg wat jy teenoor Hom verkeerd gedoen het.
- Dit is God wat sy eiendom regeer deur die inwendige werking van sy Woord en van sy Gees.

Natuurlik raak hierdie profesie in die eerste plek Israel. Hulle sou – en hulle het ook – aan hulle lyf ervaar dat die Here hulle vergewe het toe hulle berou gehad het oor hulle sondes.

3. Die Nuwe-Testamentiese kerk staan onder dieselfde verantwoordelikheid as ou Israel.

Hierdie profesie raak egter ook die Nuwe-Testamentiese Kerk.

- As mens dink aan Kolossense 2 is dit asof ons iets hoor van die doop in die woorde: *besnydenis van hart.*

. . . en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag; in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het . . . (Kolossense 2:10-12 AFR1953)

- Die besnydenis is die teken van die verbond. So baie naby ons is die woord, in ons mond en in ons hart, om dit te doen. Die Here bevestig sy verbond in ons met die besnydenis van hart.
 - Ons weet almal dat dit in die Nuwe-Testamentiese Kerk se lidmate gebeur deur die werking van die Heilige Gees in ons.
 - Ons weet ook dat die Heilige Gees die vrugte van die kruis van Jesus Christus in ons harte werk.

Getuig hierdie gedeelte van oordeel of van genade? Dit getuig van genade omdat die Here Jesus Christus sterf om die vergewende genade van God in ons en oor ons te bevestig.

- Hy sterf sodat ons met God versoen kan word vir al die kere wat ons teen God oortree het.
- Hy sterf verder ook sodat God die Heilige Gees oor ons uitgestort kan word.
- Daarmee word die Here se alomteenwoordige genade oor ons 'n werklikheid.

Die gedeelte openbaar aan ons God se vergewensgesindheid.

Dit is nie net 'n ver toekomspektief wat deur hierdie gedeelte oopgemaak word nie.

- Die Here belowe in hierdie gedeelte dat Hy ons alomteenwoordig seën as ons gehoorsaam is.
- Hy bedoel dit ook fisies en in hierdie tyd – Hy bedoel dit selfs vandag nog oor ons as burgers van ons eie land, want die beloftes van die Here oor gelowiges is altyd eners waar.
- Die teksvers het sekerlik ook 'n toespeling op die hiernamaals, want ons weet ook dat die Here aan ons openbaar dat sy teenwoordigheid in die hiernamaals in ons en oor ons sal wees tot in ewigheid.

Al is ons nou nog in sondes, waarborg die teenwoordigheid van die Here in dié tyd al sy teenwoordigheid in die ewigheid. Die troos daarvan is dit:

*Al jaag my gewete my oor my sondes wat ek gedoen het, die **Ander Trooster** wat die Here Jesus Christus gestuur het, is God self in sy ewige alomteenwoordigheid, wat sy genade in my hart en verstand werk, sodat ek in sy waarheid, en in sy liefde, kan lewe.*

Kom ons lewe dan in volle gehoorsaamheid aan die Here – soos wat Hy ons hier beveel.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 148:5 (p. 712)

- 5 Laat almal saam die HERE prys: / sy Naam alleen het hoog gerys;
 oor aarde en hemel, ver en wyd, / sien ons sy glans en majesteit.
 Hy wou die horing vol vermoë, / die glorie van sy volk verhoë:
 Sing dan, o volk, met hoog geskal / die lofsang van die groot heelal!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
 Gereformeerde Kerk Bellville
 Datum: 13 Januarie 2008 (oggend)